**Wie moet by wie in SA leer?**

Die afgelope week het die nuwe akademiese jaar by baie universiteite begin. Vir heelwat van die studente is dosente se lesings soos ʼn gordyn op ʼn verhoog wat wegtrek om vir hulle aan ʼn ander wêreld bloot te stel. Wanneer studente by die universiteit aankom, het hulle gewoonlik ʼn bestaande en reeds gevestigde verstaan en oortuigings rakende die veld waarin hulle gaan studeer. In Teologie, byvoorbeeld, kom sommige van die jonger studente by die Fakulteit aan met diep gevestigde idees waarna dikwels verwys word as ʼn Sondagskool Teologie. ʼn Mens kry hierdie verskynsel, glo ek, in die baie vakgebiede. Hierdie studente meld aan met wat ʼn eerste naïwiteit genoem kan word – diep sekerhede wat nog nie krities onder die loep geneem is nie.

Tussen die eerste lesings wat die afgelope week vir ʼn nuwe inname begin het en die einde van so rofweg die derde jaar, gebeur een van twee goed met die studente. Vir ʼn klompie tref dit wat hulle in die lesinglokale kry soos ʼn landmyn. Hulle word uit hulle bestaande sekerhede losgeruk. Die wat ʼn paar van die stukke kan optel, registreer na ʼn tyd vir ʼn ander kursus en die wat nie kan nie, staak hulle studies. Daar is egter ook die (groter) groep wat vanaf daardie eerste naïwiteit, deur kritiese denke, na ʼn tweede naïwiteit beweeg.

Hierdie idee van ʼn eerste en tweede naïwiteit is gedagtegoed van die Franse filosoof Paul Ricoeur waarmee hy eintlik oor geloof praat, maar ek dink ʼn mens kan dit dalk ter wille van ons spesifieke Suid-Afrikaanse omstandighede ook breër probeer toepas (met die hulp van Laurika Rauch en Christopher Torr). Die tweede naïwiteit dui op ʼn beweging van ʼn voor-kritiese verstaan (Ek het in my kinderjare vas geglo in Kersfeesvader), in ʼn tweede fase volg ʼn kritiese verstaan (Jonk van jare, oud van dae, huil ek hartseer/ In my kamer/ Want die fantasie het soos ʼn droom verdwyn), en dan volg ʼn derde beweging wat ʼn post-kritiese verdieping van geloof behels (In ʼn brief van later jare, skryf ek "liewe Kersfeesvader/ Elke meisie het ʼn spesiale wens"). Hierdie derde beweging is die domein van die tweede naïwiteit wat gekenmerk word deur ʼn openheid om te luister en opnuut te oorweeg, maar nie alleen op óf ʼn pre-kritiese óf ʼn kritiese wyse nie. Daar is dus ʼn beweging vanaf ʼn onbevange vertroue (geloof), na totale wantroue (ongeloof), na ʼn nuwe soort (krities-rasionele) geloof. Iets soos: Is – Issie – Miskien tog.

Oor die laaste paar jaar het tersiêre onderwys in Suid-Afrika ernstige stormweer beleef. Bewegings soos #RhodesMustFall en #FeesMustFall, te same met die dekolonisering van die curriculum, het ʼn diep invloed gehad op Suid-Afrikaanse universiteite. My eie belewenisse tydens en na afloop van hierdie bewegings, het my ook opnuut oor die idee van die tweede naïwiteit, wat dit behels en vir wie presies dit geld, laat nadink.

Die bestaande en tot onlangs aanvaarde toepassing in ons konteks van die tweede naïwiteit, is dat dosente in alle studievelde die studente tot by ʼn tweede naïwiteit moet bring. Dosente het ʼn dieptevlak kennis rakende ʼn vakgebied wat fundamenteel verskil van die vlak van kennis wat die studente oor beskik. Die dosente weet hoe werk daardie eerste naïewe denke, is self deur die meule van kritiese denke en ken die bronne, en is diegene wat die studente moet help om van ʼn eerste na ʼn twee naïwiteit te beweeg. Daar is hier ʼn eenrigtingbeweging vanaf die dosente wat weet na die studente wat gehelp word.

Oor die laaste vyf of so jaar is die bordjies in hierdie verband in lesinglokale in ons land drasties verhang. Studente het hard en duidelik vir dosente daarop gewys dat hulle verstaan van hulle vakgebiede, al berus dit op baie navorsing en leeswerk en die jarelange loutering van kritiese nadenke, eintlik ook ʼn soort eerste naïwiteit is; dat die dosente nie soseer die konteks en bronne waar die studente vandaan kom verstaan nie en eintlik diegene is wat vanaf ʼn eerste na ʼn tweede

naïwiteit gehelp moet word. (Bring bietjie jou Ingenieurswese, Ekonomie of Teologie en doseer dit in Mamelodi en ek wys jou dat ek dáár dalk as student meer van jou vak af weet as jy). As dosente het julle wel doktorsgrade, maar eintlik verstaan julle bitter min van die vasteland waarop julle boer. Van die Suid-Afrika waar hulle as studente leef, hoe dinge daar werk, wat as (geldige) kennis beskou word, wat die wêreldbeeld is waarbinne hulle leef en hulle keuses beïnvloed, wat byvoorbeeld nie noodwendig kunsmatige onderskeide uit die Weste soos tussen godsdiens en kultuur of ʼn materiële wêreld en ʼn geestelike wêreld insluit nie, verstaan baie dosente volgens studente geen snars nie. Dosente se kritiese denke en Westerse ingesteldheid ter plaatse is eintlik self ʼn soort naïwiteit, aangesien daardie ingesteldheid hulle eintlik baie kortsigtig maak ten opsigte van die rykdom rakende die domein van kennis rondom hulle. Wie dus eintlik aan die hand gevat en gehelp moet word op die pad na ʼn tweede naïwiteit in ons konteks, aldus studente, is die (god)geleerde dames en here wat voor die lesinglokaal staan.

Dosente dink dus die studente moet van hulle eerste naïwiteit gestroop en begelei word deur die smeltkroes van kritiese denke om uiteindelik by ʼn dieper punt te eindig, by daardie tweede naïwiteit, daardie dieper kennis en insig wat dosente reeds in pag het. En insgelyks glo studente dat die dosente wat voor hulle staan se sogenaamde verligte en kritiese insigte, eintlik oogklappe is en dat die dosente veel eerder by die studente kan leer. So staan hulle deesdae dikwels in lesinglokale vir mekaar en aangluur en nie een wil bes gee nie.

Miskien moet die aandskemering rakende hulle onwrikbare sekerhede vir beide studente én dosente daal, sodat die uile van Minerva in ons eie dag vir almal kan vlieg. Natuurlik sal die uile vir die twee groepe verskillende insigte bring, maar om enigsins te vorder, en vir studente en dosente om mekaar in ons land op ʼn sinvolle vlak te vind, moet die eenrigting verstaan van wie by wie moet leer, vervang word met openheid vir tweerigting verkeer én vir lewenslange leer. Eintlik geld dít vir almal in Suid-Afrika, want almal het ʼn bydrae om te maak en nie niemand is ooit volleerd nie.

Cas Wepener